# menlo-insig

7/2023

## LIEWE MENLO

*Stil, Parkies. Daar gaan 'n man verby.*

'n Oud-Menloparker wat ywer, respek, lojaliteit en integriteit koester. 'n Man wat verstaan dat hy hier is vir 'n rede.

*Hy groet. Bekyk hom goed.*

Die gehoor staar verstom, maar soos die liedjie bevestig: "*He had us from Hello*."

Die geskiedskrywers het hulle penne verlede week vir 'n oomblik neergesit om sin van die gebeure op Menlobodem te maak. André de Ruyter. Aan die een kant, 'n plat-op-die-aarde-gesinsman. Aan die ander kant buig hy die geskiedenis. Ontspanne, in 'n leunstoel waar elke woord onder die vergrootglas geplaas word. Ewe ontspanne in die ouditorium om die skool se atlete te inspireer. Selfversekerd. Vriendelik. Gedrewe.

Hy vertel hoe Menlo nie die interhoër in 1985 gewen het nie. Daar is gelag oor die samesweringsteorie om die trofee "te gaan haal" en daar is selfs raad oor sake van die hart gedeel: "Kuier onder mekaar, anders raak jy dalk verlief op iemand in 'n ander skool."

Daarna neem die gesprek 'n ernstige wending. "Staan op. Staan sterk. Gee alles. Ses dekades se Parkies staan agter jou. Probeer jou bes. Oortref jouself. Excelsa Petamus."

Die interhoërtrofee staan vanjaar waar dit hoort.

*Stil, Menlo. Daar gaan 'n span verby.*

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms, wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Teks: Fillipense 2:14-15**
Doen alles sonder kla en teëpraat. Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld.



# DAGBOEK

**3/3** Debat: ATKV Eerste ronde, (AHS)
Netbal: Kamp (Zwartkloof)
Dogtershokkie: Oefenkamp
Seunshokkie: Grey College (Bloemfontein)
Tennis: GN-liga (Senior seuns) & Menlo MixIt-toernooi (Sun City)

**4/3** Atletiek: AGN-kampioenskap
Fietsry: Kamp (Rosemary Hill)

**6/3** Netbal: D4-proewe vir o. 16's en o. 17's (Tuis, 14:00)

**7/3** Redenaars: Van Huyssteens Oratorsfees (English)
Netbal: D4-proewe vir o. 18's (14:00)
Tennis: GN-liga (Junior dogters)

**8/3** Redenaars: Van Huyssteens Oratorsfees (Afrikaans)
Dogtershokkie: o. 14A, o. 16A en eerstespan
(St Andrews, Johannesburg)
Tennis: GN-liga (Senior dogters) & Gerrie Berner Dogterstoernooi (Paarl)

**9/3** Redenaars: Van Huyssteens Oratorsfees (Tweetalig)
Netbal: D4-proewe vir o. 14's en o. 15's (14:00)
Tennis: GN-liga (Junior seuns)




# ATLETIEK

### Salute, Menlo!

'n Kryger sal dit mos nie sonder die nodige wapenrusting op 'n oorlogsveld waag nie. Net so kan die Parkies nie na interhoër gestuur word sonder genoeg koolhidrate nie. Die jaarlikse pasta-aand het verlede Donderdag plaasgevind en te oordeel aan die atlete se puik prestasies was dit 'n wenresep!

Elkeen van die kapteine was aan die woord om die Menlo-strategie aan die span oor te dra, terwyl daar gesellig gekuier is. Die hoogtepunt op die aand se spyskaart was ongetwyfeld die nagereg wat in die ouditorium opgedis is. Eers was mnr. Louis van der Watt, suksesvolle sakeman en oud-Menloparker, aan die woord waarna hy die aflosstokkie aan mnr. André de Ruyter oorhandig het om die atlete te inspireer. Baie dankie aan al die ouers wat tot die sukses van die geleentheid bygedra het. Pasta-aand 2023 was een vir die boeke. Dit is 'n voorreg om 'n Parkie te wees.



# GEES

## Parkies victorious!

Interhoër is 'n skouspel. Iets iewers tussen 'n Olimpiese Spele in die kleine en die Kaapse Klopse. 'n Logistieke oefening waarvan die beplanning maande duur. Agt skole. Elf duisend toeskouers. Was die interhoër 'n spioenasiefilm, sou die vlugteling maklik in die skare kon verdwyn. Hy sou egter sy immuniteit moes verdien deur sy stem by 'n koor van oorlogskrete te voeg.

Interhoër is in Februarie.




Dit is 'n warm maand. Gepantser met sonblok en bottels gevriesde water maak die skare hulle reg om die UV-strale te trotseer. Die dag is lank...., maar die Parkies word eenvoudig nie moeg nie. Niemand kan dit verstaan nie. Die graswalle dreun. Ons atlete ry op 'n kanon van wit en blou: "Ons kom uit die ooste..."

Interhoër behoort vanjaar aan Menlopark. Die manier waarop die Parkie-toeskouers verlede Vrydag agter die atletiekspan verenig het, is verstommend.

Baie dankie aan elke toeskouer wat met oorgawe deelgeneem het, asook aan die personeel wat diens gedoen het.

Dit was 'n spanpoging sonder gelyke.

## Menlo salueer graad 8-helde

Daar was toeskouers en atlete. Beamptes en skeidsregters, maar die stille krag agter die sukses van vanjaar se interhoër was die tegniese span en korvee. Menlo-ambassadeurs wat 'n DANKIE in hoofletters verdien.

### Tegniese span



Franz-Rudolf Skawran, Tristan Kukard, Jamie van Blerk, Marijke Janse van Rensburg, Tynin Pinard, Jessica Bekker, Estephan Potgieter, Nikkita le Roux, Sibusiso Mashabela, AJ J v Rensburg, Liam van Tonder, Simone Bekker en Matt Mattee.

### Korvee



Amorey Green, Zander Serfontein, Jan-Ernst Weilbach, Thinus Smit, Luané Erasmus, Shevani Kemp, Suné Smit, Monja du Plooy, Chloe Durant, Chloe van der Berg, Lea Human, Teneal Croucamp, Marais Duvenhage, Cornel Lourens, Nicole Enslin, JW Erasmus, Jan-Willem Pienaar, Sebastian Matthysen, Louw du Plessis, Gustav Grosskopf, Mmushi Gololo, Nathan Penfold, Wynandt van Wyk, Alexander van Heerden, Niel Prinsloo, Johandré Muller, Hugo Coetzee, Ricardo Zwiegelaar, Christiaan Bornman, Robert Wilson, Du Preez Coetzee, Benito Oosthuizen, SP Pretorius, Johannes Maas, Markus de Jager, Ruben Janse van Rensburg, Bianca Eberlanz, Izak Murphy, Albert Schreuder, Damian du Preez, Ryan Matthee, Conrad Ehlers, Leané Weideman, Zelia Küsel, Liané de Bruin, Carolien Sevenster, Mieke Verwaard, Masana Chauke, Anike Burke, Jeanne-Marie van Brummelen, Lili Falschlunger, Anina de Waal, Lena Pauwels, Karla du Toit, Gia Marais, Simone Bekker, Elke van Biljon, Melissa Snyman, Anike Burke, Alexander Crouse, Christiaan Terblanche, Sollie Nortje, Matthew Rider, Noah Becker, Müller Beyers, Simeon Versteeg, Kyle Voordewind, Luan Hattingh, Hanno Knoetze, Keagan Hills, Pieter Grobler, Daniel Grobbelaar, Alexander Uhlig, Jamie Champion, Jacques de Jager, Marcu da Serra, Juan Lombaard, Renier Balt, Sebastian de Bruine, Righardt Lemmer, Anika de Souza, Isabel Roode, Amelia Odendaal, Ilse Uys, Milah Bakker, Mieke White, Kelly Mostert, Lincoln le Roux, Ben Schomper, Gihann Parsons, Kaelin Botha, Andrew York, Jordan Adendorff, Karl Paul, Werner Potgieter, Christiaan de Jager, Rego Mboweni, Nicolas Potgieter, Marcel Calitz, Tristan Visser, Rilee van Dalen, Bern du Toit, Joshua Muller, Verster Richter, Stehan Serfontein, Stefan Koekemoer, Duard Smit, Corrie Botha, HG Visser, Kea Waleng, Christian Saaiman, Lino Fouché, Liané de Wet en Rozario Bantam. #menlotrots



















# ATLETIEK



## Menlo-atlete doen dit weer

Na een en twintig oorwinnings op die skool se inter-hoërkerfstok is daar nou geen twyfel meer nie: Parkies kan!

Pilditch se blitsige tartanbaan het Vrydag die room van hoërskoleatletiek in Pretoria verwelkom en dit is op hierdie blou karousel waar die een puik prestasie na die ander aan 'n volgepakte stadion opgedis is. Die oorgawe waarmee Menlo deelgeneem het – op die baan, veld én pawiljoen – het deurgaans aandag getrek. Voorts was dit nie net die Parkies se superieure atletiese vermoëns en die toeskouers se uithouvermoë op die pawiljoen wat beïndruk het nie, maar die korvee wat menige hart met hulle diensbaarheid en entoesiasme verower het. Ofskoon hierdie aggies nog effe groen is, het hulle gewys dat hulle bloed Menlo-blou is.

Wanneer daar op ons atlete se sukses gereflekteer word, is daar net een resep vir prestasie en dit is volgehoue harde werk. Baie dankie aan **elke** atleet, afrigter en ouer wat die ekstra myl in die 2023-seisoen afgelê het. Julle toewyding inspireer.

Baie dankie aan al die fotograwe wat die dag se aksie op kamera vasgevang het: Karen Viljoen, Reint Dykema (Maroela Media), Menine Muller, Chanel Grobler en Francois Roelofse (ouer). Volg gerus die skakel vir meer interhoërfoto's.

Die uitslae is soos volg:

### Eerste plekke

Colene Sheepers, Megan Nieman, Liné de Villiers, Annerike Heyneke, Kaitlyn van Rooyen, Elmé du Plessis, Chaliz Welgemoed, Annika Kloppers, Alicia Khunou, Ashlynn Nel, Zané Loots, Anika de Klerk, Danie Botma, Werner Bezuidenhout, Rolandt Grosskopf, Reinhardt Herbst, Wihan Velloen, Hanru Potgieter, Chris Swanepoel, Joshua Gerber en Leskin Samuels.

### Menlo-rekords

| | |
|---|---|
| Megan Nieman | o. 14 90 m-hekkies |
| Liné de Villiers | o. 14 300 m-hekkies |
| Alicia Khunou | o. 17 Diskus |
| Werner Bezuidenhout | o. 17 110 m-hekkies |
| Anika de Klerk | o. 19 Verspring |
| Chris Swanepoel | o. 15 Diskus |
| Chaliz Welgemoed | o. 19 Spiesgooi |
| Colene Scheepers | o. 17 100 m, 200 m & 400 m |
| Danie Botma | o. 14 400 m |
| O. 14-aflos (dogters) | |

### Atlete met meer as 900 punte volgens die APE-tabel

Megan Nieman, Alicia Khunou, Colene Scheepers, Liné de Villiers, Ashlynn Nel, Chirsté Loedolff, Cellonika van den Berg, Menike van den Berg, Chaliz Welgemoed, Merlé Janse van Rensburg.

### Uitslae

### Dogters

1. Hoërskool Menlopark 2. AHMP 3. Hoërskool Waterkloof 4. Hoërskool Zwartkop

### Seuns

1. AHS 2. Hoërskool Menlopark 3. Hoërskool Waterkloof 4. Hoërskool Zwartkop

### Algeheel

1. Hoërskool Menlopark
2. Hoërskool Waterkloof
3. Hoërskool Zwartkop
4. Hoërskool Montana
5. Hoërskool Garsfontein
6. Midstream College
7. AHS
8. AHMP
9. Prestige College



# KRIEKET











## Ditsem, Menlo!

Naatboulers en swaaiboulers. Mediumboulers, mediumsnelboulers, snelmediumboulers en snelboulers. Paaltjiewagters en kolwers wat weet hoe om te blok, dryf en tref! Dit is die ammunisie in Menlo se krieketarsenaal waarmee die spanne hulle wedstryde verlede week teen onderskeidelik Centurion, AHS en Waterkloof aangepak het.

Die eerste- en tweedespan het nie gras onder hulle voete laat groei nie en oortuigend met Hoërskool Zwartkop afgereken. Dit is veral Gerhard Engelbrecht, Pierré de Villiers en Paul Lubbe se boulvertonings wat die kolfaanval van die teenstanders laat verkrummel het.

Daarna het die o. 14's vir hulle wedstryd teen AHS aangemeld. Die blad het die kolwers taamlik stief behandel, maar Joshua Smit het die boulaanslag lank genoeg afgeweer om 29 lopies aan te teken. Met Menlo se telling op 87/5 is AHS ingestuur om hulle slag te wys.

Die besoekers kon nie hond haaraf maak teen die boulwerk van Jan-Willem Pienaar en Noah Becker nie en is druipstert van die veld gestuur.

Hierdie uitstekende oorwinning het die fondasie vir die eerstespan se kragmeting teen Waterkloof in die Finsbury-finaal gelê.

Die Finsbury-reeks vier vanjaar sy vier en twintigste bestaansjaar. Ses en dertig spanne, almal noord van die Vaal, is genooi om hulle slag in die kompetisie wat uit ses uitkloprondes bestaan, te wys. Teen verlede Saterdag het slegs twee spanne bly staan: Waterkloof en Menlopark.

Menlo het die loot gewen en die opponente ingestuur om veldwerk te doen. Die Klofies se boulers het hulle vroeg-vroeg in die vernuftige kolfwerk van Ewald Meyer en later in die gedugte kombinasie van Steve Stolk en Marco Strydom vasgeloop. Dié twee het die hakskene ingeslaan vir 'n vennootskap van 78 lopies om die derde paaltjie. Marco is egter deur die boulbeurte ingehaal en kon net-net nie daarin slaag om honderd lopies op die telbord te plaas nie.

Ewald Meyer, Steve Stolk en Gerhard-Nico van Zyl het daarna elkeen twee paaltjies laat kantel om die besoekers tot 176 lopies te beperk.

Die skool bedank oudergewoonte vir mnr. Arno van Wyk en Petrus Coetzee vir hulle insette. #menlokrieket #menlotrots

Baie dankie aan al die fotograwe vir pragfoto's.

Volg gerus die **twee** **skakels** vir meer.

### Menlopark 1ste XI vs. Centurion 1ste XI

| | |
|---|---|
| Centurion | 92 almal uit (Gerhard Engelbrecht 4/21, Pierré de Villiers 3/8) |
| Menlo | 97/2 (Ewald Meyer 44*, Marco Strydom 44*) |

Menlo wen met 8 paaltjies.

### Menlopark o. 14 A vs. Affies o. 14 A

| | |
|---|---|
| Menlo | 87/5 (Joshua Smith 29*) |
| Affies | 84/9 (Jan-Willem Pienaar 3/15, Noah Becker 3/5) |

Menlo wen met 3 lopies.

### Menlopark 2de XI vs. Centurion 2de XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 200/6 (James Bronkhorst 59, Zander van der Mescht 28) |
| Centurion | 93 almal uit (Paul Lubbe 3/17, Jean le Roux 2/16) |

Menlo wen met 107 lopies.

### Finsbury-finaal: Menlopark 1ste XI vs. Waterkloof 1ste XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 238/6 (Marco Strydom 96*, Ewald Meyer 51) |
| Waterkloof | 176 almal uit (Ewald Meyer 2/25, Steve Stolk 2/33, Gerhard-Nico van Zyl 2/34) |

Menlo wen met 62 lopies.

# MUURBAL

### Gee my'n M...

Die MMA is vandeesweek opgekommandeer om aan die NJSA-rondomtalie deel te neem.

Strawwe kompetisie was aan die orde van die dag, maar die MMA-spelers het hul man (en meisie) gestaan om uitstekende resultate te behaal.

Baie geluk met puik uitslae!






# ATLETIEK












MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae


FISIESE WETENSKAPPE: GRAAD 10
EKSTRA KLAS: KWARTAAL 1
DONDERDAE: 14:10 – 15:00
23 Februarie Mnr. Joubert
2 Maart Me. Van der Walt
9 Maart Me. Calitz
16 Maart Mnr. Joubert


MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 – 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 14:00 – 15:00
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


VAKATURE
Kitaaronderwyser
Posbeskrywing
- Aanbieding van kitaarlesse (klassiek, elektries en akoesties) by die Menlo-musiek-akademie.
- Aanbieding van ukelele-lesse, soos benodig.
Vereistes
- Vyf jaar ervaring in kitaaronderrig.
- Ervaring in die voorgeskrewe sillabus vir eksterne eksamens bv. Trinity, ABRSM en Rock School.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
MENLO
Musiek
Stuur 'n volledige CV na
lourens.dejager@menlopark.co.za
Sluitingsdatum: 6 Maart 2023
Word deel van die Menlo-ritme en die Menlo-lewe!
menlopark.co.za
AbsolutMenlo


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!

# MMA

# MENLO-MUURBAL-AKADEMIE (MMA)

## LOOTJIEVERKOPE
## R50.00 PER LOOTJIE

### SLUITINGSDATUM: 17 MAART 2023

# WEN!! WEN!! WEN!!

## PRYSE:

- Skiet van 'n blesbokram by CARLSRUHE WILDRESERVAAT net buite Cullinan
- DUNLOP muurbalraket en sak
- R1 500 se geskenkbewys van NGUNI MOON - lekker, kwaliteit vleisprodukte
- SPORTMANS WAREHOUSE-geskenkbewyse
- BABYLONSTOREN-geskenkmandjies
- ROOMYSKOEK geborg deur House of Ice Cream, Olympus
- Geskenkbewyse van NIX AESTHETIC STUDIO vir "Hydration Cleanse with Lash Tint, Brow Tint and Brow Shape" ter waarde van R700
- "Swedish Back, Neck, Shoulder and Scalp Massage" ter waarde van R300

PARKIEBAL / MATRIEKAFSKEIDPAKKET

- Geskenkbewys ter waarde van R400 van ODETTE WILL HAIR & MAKEUP
- "Express Medi Pedi with Gel Toe Overlay" ter waarde van R450 van Nix Aesthetic Studio
- SORBET-geskenkbewys vir "Hands Gel Polish Power" ter waarde van R500

En nog vele meer ...




VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

WORLD OF SQUASH
MENLO-MUURBAL-AKADEMIE

CHORAL FESTIVAL

LEGATO

2023

KOORFEES



# LEGATO KOORFEES

## SONDAG, 12 MAART '23

## 15:00

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK KOOR
HOËRSKOOL GARSFONTEIN KOOR
VOCALISE FELLOWSHIP CHOIR
SINGFONIX



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Pak jou piekniekmandjie en kom ontspan saam met Menlo-musiek by die
Menlo-soirée
Datum
Donderdag 23 Maart
Tyd
18:30
Plek
Menlo-skoolsaal
Kaartjies beskikbaar by Menlo-ontvangs @ R50



# MARKPLEIN




CHRISTA STRYDOM
082 375 0981
christa@stevedoen.co.za
@steve-doen
www.stevedoen.co.za
STEVE DOEN
Beautiful Noise
29 APRIL 2023
VOORTREKKER MONUMENT AMFITEATER
WHATSAPP: 063 963 5467
iTickets.co.za







TAU | SLOW LEATHER CO












Methodist Homes
Queenswood
Methodist Homes
Providing affordable, secure and caring accommodation and services to the elderly
OPEN DAY
SATURDAY 25 MARCH 2023
STARTING 9AM TILL 3PM
JOIN THE FAMILY
Live entertainment
Viewing of Units.
Meet and Greet.
Secure your Tomorrow.
Wrinkles will only go
Where the
Smiles
Have been.
Our residents. Our Family. Our Passion.
CONTACT US :
012 391 2700
www.mha.co.za
3 Briscoe Lane, Queenswood, Pretoria
SEND YOUR INFO :
QWS.INFO@MHA.CO.ZA
Our residents. Our Family. Our Passion.
The Choice of Generations


hc couture
because you are unique!
Spesialiseer in die ontwerp en maak van matriekafskeidsrokke, trourokke, aandrokke en uitrustings vir enige spesiale okkasie -
koop en huur opsie beskikbaar
082 885 7809
www.hccouture.co.za
helen@hccouture.co.za
Helen Coetzee Couture
helencoetzeecouture


Olive Branch
Sports Massage Therapist
Price list
Sports Massage R300
Back & Neck Massage ( 45 min) R250
Swedish Massage (60 min) R370
Deep Tissue Massage (60 min) R450
Foot & Leg Massage (30 min) R150
Emmie Olivier
Mobile Massage Therapist
065 387 9342
olivebranch.mobile@gmail.com


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
SEDERT 19
KOOP JOU
Geblikte
SOKKIES
Datum Beskikbaar vanaf 23 Januarie
Plek Finansiële kantoor
Prys R170
Wees gekol of gestreep.
wees #menlo60
menlopark.co.za
AbsolutMenlo